

# Debakel met dispensasie vir mielies

**Weens die groot onsekerheid rondom die voorgestelde dispensasie vir mieliegradering het opbergers besluit om mielies steeds te gradeer ingevolge die regulasies wat in 2009 in die *Staatskoerant* afgekondig is.**

Belanghebbendes in die graan- en oliesadesektor, waaronder produsente, opbergers, handelaars, meulenaars, veevoervervaardigers, bakkers en verbruikers, het reeds op 11 Augustus 2021 ’n voorgestelde wysiging aan die mieliegraderingsregulasies vir die 2022-’23-bemarkingsjaar ingedien. Die proses het traag verloop. Gevolglik het hulle op 9 Maart 2022 saam besluit om vir ’n vrywillige dispensasie te midde van die nat produksieseisoen aansoek te doen.

Die doel van die aansoek was om ’n toegewing van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling aan te vra sodat die bedryf die voorgestelde wysigings aan die graderingsregulasies reeds vir die lewering van mielies vir die 2022-’23-bemarkingsjaar kan toepas.

## VOORSTELLE

Die definisie vir gebrekkige mieliepitte in die bestaande 2009-regulasie maak in die voorgestelde wysigings vir die volgende voorsiening.

- Die woordomskrywing vir gemufde mieliepitte verander na swambesmette mieliepitte. Dit sal steeds as gebrekkige mieliepitte beskou word.
- In die voorgestelde graderingsregulasies sal waterbeskadigde mieliepitte en verkleurde mieliepitte (wat weens omgewingstoestande weerskante meer as 25% verkleur het) nie as gebrekkige pitte beskou word nie.
- Rypbeskadigde mieliepitte het een of twee van die volgende eienskappe: ’n dowwe bruin verkleuring vanaf die aanhegtingspunt reg rondom die pit; ’n onderontwikkelde endosperm in vergelyking met die kiem; en/of die perikarp het blasies of riffels aan albei kante van die pit of die perikarp skilfer af.
- Ten laaste word aanbeveel dat verrooide mieliepitte uitgelaat word. Die maksimum toelaatbare afwyking in die 2009-graderingsregulasies is vir alle grade 12%.

Die nuwe bemarkingsjaar vir mielies het op 1 Mei begin.

Dit is belangrik om in ag te neem dat die graderingsdienste gereguleer word deur die graderingsregulasies in die Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet 119 van 1990). Lede van die graanbedryf wat wysings aan die graderingsregulasies kan versoek, is almal op die een of ander manier ’n klant van die graanopbergers. Die korrekte en tydige implementering van wysigings is egter baie belangrik aangesien dit belyn moet wees met die bedryf en JSE se graanbemarkingsjare.

## GELDIGE KLAGTES

Die dispensasie deur die departement bepaal dat dit onmiddellik teruggetrek sou word sodra die departement ’n geldige klagte ontvang. Teen 5 Mei het belanghebbendes uit verskeie oorde berig dat ernstige klagtes ontvang word.

Kennis is ontvang dat die aansoek om die vertraagde dispensasie teëgestaan gaan word. Van die besware teen die aansoek is:

- Die lewering van mielies vir die 2022-’23-bemarkingsjaar het reeds begin met vroeë lewerings in April. Markdeelnemers is nie bereid om ’n bestelling te vul wat onder die 2009-graderingsregulasies gekontrakteer is met mielies wat later volgens ’n nuwe dispensasie in dieselfde bemarkingsjaar uitgelaai moet word nie.
- Sommige markdeelnemers is dit eens dat graderingsregulasies nie later as Desember van die jaar voor die nuwe bemarkingsjaar hersien of verander moet word nie.
- Kommer heers dat opbergers nie veranderinge volgens die dispensasie sal kan toepas sonder om bestaande ooreenkomste vir die lewering van mielies in gedrang te bring nie.
- Dit is onregverdig om markdeelnemers te penaliseer weens foute en vertragings met die uitreiking van die dispensasie. Kontrakte was reeds tussen kopers en verkopers gefinaliseer en gehaltespesifikasies is spesifiek daarin vervat.
- Indien iemand later in die bemarkingsjaar, byvoorbeeld in Julie, ’n geldige klagte indien, kan die dispensasie herroep word. Dan word mielies weer volgens die 2009-graderingsregulasie gegradeer. Markdeelnemers kan nie twee verskillende regulasies vir gradering in dieselfde bemarkingsjaar behartig nie.
- Navorsing het bewys waterbeskadigde mielies se voedingstatus verskil nie van dié van onbeskadigde mielies nie. Markdeelnemers is egter besorg oor swamvorming en mikotoksiene tydens langtermynopberging.

Die vertragings wat ervaar is sedert die graanbedryf op 21 Augustus 2021 gesamentlik besluit het om die nuwe voorgestelde graderingsregulasies vir die 2022-’23-bemarkingsjaar te aanvaar, is betreurenswaardig. Dit sluit die vertragings in met die aansoek om die dispensasie betyds en korrek af te kondig.

Indien die nuwe voorgestelde graderingsregulasies vroegtydig voor die nuwe bemarkingsjaar afgekondig kon word, sou dit nie net vir produsente voordelig wees nie, maar ook vir ander markdeelnemers.

Daar kan nie verskillende regulasies vir die lewering van mielies in dieselfde bemarkingsjaar wees nie. Die risiko en verliese wat markdeelnemers kan ly, is te groot. Die voorgestelde wysigings behoort vanjaar nog in die *Staatskoerant* vir kommentaar afgekondig te word. Dit is belangrik dat alle belanghebbendes hul kommentaar daarop betyds indien. LBW